

SUN MeDIA is 'n geïntegreerde inhoudsbestuurder en spesialis verskaffer van uitgewers-, grafiese- en drukkersdienste vir die hoër onderwys-mark en die privaat sektor.

PERSVRYSTELLING

23 September 2011

NUWE PUBLIKASIE deur JANNIE DU TOIT

Onderweg – 'n musiekstorie van 40 jaar




FOTO Ivan Naudé

- Formaat: 250 x 250 mm, sagteband
- Omvang: 160 bladsye, volkleur
- Prys: R280.00

Onderweg – 'n musiekstorie van 40 jaar word op 23 September 2011 deur SUN MeDIA vrygestel.

Jannie du Toit, die bekende liedjieskrywer en sanger, vier vanjaar sy 60ste verjaardag en daarmee saam ook 40 jaar van sy passie vir Afrikaanse musiek met die verskyning van hierdie koffietafelboek wat handel oor sy uitgebreide loopbaan in musiek en op die verhoog. Hierdie publikasie is terselfdertyd ook 'n boekstaving van die ontwikkeling binne 'n bepaalde genre van Afrikaanse musiek en oor Jannie se rol en bydrae hierin. Benewens ander toekennings het Jannie in 2008 'n erepenning ontvang van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir sy bydrae tot ligte Afrikaanse musiek.

Tydens 'n onderhoud met *Die Burger* (Augustus 2011) sê Jannie oor die boek:

“Dis nie 'n outobiografie nie. Dis die storie van wat musiek in my lewe beteken het.”

imPRESSive inDRUKwekkend

Reg: 2002/017482/07

In hierdie omvangryke publikasie – ryklik geïllustreer deur unieke en outentieke grafika, foto's, koerantknipsels en briewe – vertel Jannie die verhaal van sy opwindende pad en loopbaan. Sy storie begin toe ligte Afrikaanse musiek veertig jaar gelede nog in sy kinderskoene was tot waar dit vandag 'n beduidende rolspeler in die Suid-Afrikaanse musiekbedryf is.

Jannie du Toit was vasbeslote om 'n “gewone ou” te bly wat musiek maak. Die boek vertel verder van sy ywer om deur middel van sy maatskappy JNS MUSIEK goeie Afrikaanse musiek by waarderende gehore en op die winkelrakke te kry. Hy het deur sy toewyding die grondslag gelê vir vele ander kunstenaars en het saam met Christa Steyn 25 lande op musiektoere besoek.

Hierdie publikasie is Jannie se storie in woord en beeld en vorm deel van die **Onderweg**-projek wat verder bestaan uit 'n gelyknamige verhoogproduksie asook 'n laserskyfstel:

- Dubbel-CD: **Vroeër** en **Later**
- DVD met 'n verskeidenheid beeldmateriaal: **Kyk**

Die boek word in konteks geplaas deur meer as 20 beeldgrepe wat in **Kyk** te sien is. Dit begin by die studentegroep Trilogie van die sewentigerjare, beweeg deur die tagtigerjare met Jannie se musiekblyspele vir Tukkie en dan deur die jare daarna saam met sy musiek-, reis- en sielsgenoot, Christa Steyn, met wie hy nou reeds 25 jaar skeppend saamwerk op die verhoog en in die ateljee. Die DVD bied 'n emosiebelaaide collage van sy loopbaan met onder meer musiekvideo's van “Gee ons vrede” en “Pie Jesu” saam met Coenie de Villiers en Chris Chameleon, asook optredes saam met talle vriende en kollegas. 'n Hoogtepunt is 'n TV-joernaalprogram uit die vroeë tagtigerjare waartydens Koos du Plessis in Jannie se huis in Pretoria, Margaretastraat 28, tydens 'n “liedjie-aand” sy beroemde “Kinders van die Wind” sing.

Die première van die **Onderweg**-vertoning vind plaas op 27 September 2011 in die kunstesentrum van die Universiteit van Johannesburg waar Jannie in 1971 as eerstejaarstudent aan die RAU vir die eerste keer saam met sangmaats begin sing het wat sou lei tot die totstandkoming van hulle Afrikaanse folkgroep Trilogie.


Die boek en laserskyfstel word afsonderlik verkoop by die vertonings asook deur die gewone kleinhandelkanale. Die boek is vanaf 24 September 2011 te koop by SUN MEDIA se aanlynwinkel, www.sun-e-shop.co.za

Onderweg – 'n musiekstorie van 40 jaar word deur SUN MEDIA uitgegee.

Besoek www.africansunmedia.co.za vir meer inligting oor **Onderweg**.

Onderweg

'N MUSIEKSTOKIE VAN 40 JAR



Omvang: 160 pp, volkleur, sagteband
Prys: R280.00

Beskikbaar by

www.africansunmedia.co.za

vanaf 27 September 2011

DIE 'ONDERWEG' TOERPROGRAM

- 23 September **Lemon Jack Teater** (Voorskou vir borge en publiek) – Pretoria
- 27 September **UJ Kunstesentrum** (Première ten bate van MES) – Johannesburg
- 28 September **Hoërskool Pietersburg** – Pietersburg
- 30 September **NTN** – Windhoek
- 1 Oktober **KunsteKaap** – Kaapstad
- 4-6 Oktober **Aardklop** – Potchefstroom
- 7 Oktober **Musaion, UP** – Pretoria
- 25 November **PE Operahuis** – Port Elizabeth
- 26 November **Hoërskool Port Natal** – Durban
- 2 Desember **Wynand Mouton-Teater** – Bloemfontein
- 3 Desember **Stadsteater** – Nelspruit
- 13 Desember **ATKV-Walvissaal** – Hartenbos
- 14 Desember **Oude Libertas Amfiteater** – Stellenbosch



FOTO: NANNI HANAUER

Sien jou daar!

Gannie du Toit